

24 Julie

**Skrifgedeelte: Psalms 45
Fokusgedeelte: Psalms 45:5,7**

My verhouding met my aardse koning en my hemelse Koning

In Psalm 45 is die gelowige digter opgewonde oor die koning, die destydse regeerder van Israel. Daar straal bewondering uit hom vir sy aardse koning. Dit laat ons dadelik nadink oor ons eie houding teenoor aardse konings en regeerders – ook ons eie regering en staatspresident.

Wat is ons hartsgesindheid teenoor ons eie regering? Fokus ons net op hulle foute en swak punte? Is ons ook dankbaar vir goeie dinge wat hulle doen? Sien ons in ons regering 'n dienaar van God raak wat sy gesag van God ontvang het en tree ons op soos die Here dit van ons verwag (Rom 13:1-4)? Kom ons bid vir ons regeerders en ons staatspresident. Bid dat hulle ons met wysheid sal regeer, dat hulle reg en geregtigheid sal laat geskied teenoor alle inwoners, dat hulle die waarheid van God se Woord sal ken en liefhê.

In sy lofbetuiging aan sy aardse koning gebruik die digter naderhand beskrywings wat uitstyg bo 'n gewone aardse regeerder. Hy praat van 'n verhewe wese wie se troon vir altyd vasstaan (vers 7, lees ook Heb 1:8,9). Hierdie woorde wys heen na 'n ander Koning wat sou kom – Jesus Christus die Here! Hy is die ewige koning uit Dawid se nageslag. Hy besit alle mag vir ewig en altyd. Na sy diepe vernedering – tot in die dood – aan die kruishout, is Hy tot Koning aan die regterhand van God verhoog.

Leef vandag opnuut onder sy koningskap. Erken Hom as die Koning oor jou gedagtes, jou woorde en jou optrede. Leef in jou huweliksverhouding, in jou gesin en by jou werkplek sy koningskap uit sodat ander jou sal herken as 'n burger van sy koninkryk. Leef vandag so dat jy gereed is om Hom te ontmoet wat as Koning op die wolke gaan verskyn.

Sing: Skrifberyming 31:3

Ds L du P van der Vyver (Roodepoort)